

EVALUERING

6.1 INLEIDING

Die inligting rakende sportwetenskap en sportafrigting in die buiteland en in die Republiek van Suid-Afrika, wat in hoofstukke drie en vier respektiewelik vervat is, word met die oog op sinvolle evaluering onder die volgende indeling saamgevat:

- Die invloed van 'n volk se sportbenadering op sportdeelnemers en -afrigting.
- Sportwetenskap en die invloed daarvan op die sportafrigtingspraktyk.
- Die verskillende aspekte van die sportafrigtingspraktyk waardeur vasgestel kan word in watter mate sportafrigting reeds geprofessionaliseer is.

Die aspekte wat hier ter sprake is:

- die beheer en koördinering van sportafrigting;
- die opleiding van sportafrigters;
- die deelnamegeleenthede wat geskep word sodat effektiewe sportafrigting kan plaasvind;
- die status van die sportafrigter;
- die finansiering van sportafrigting.

Ten grondslag van die evaluering lê aspekte met betrekking tot sportwetenskap, professionalisering en sportafrigting wat in hoofstukke een tot drie uitgelig is.

6.2 DIE INVLOED VAN 'N VOLK SE SPORTBENADERING OP SPORT-DEELNAME EN -AFRIGTING

Aangesien sport 'n kultuurgebonde maatskaplike verskynsel is (p.39), is dit verstaanbaar dat alhoewel die term "sport" internasionaal is en oor die algemeen dwars oor die wêreld min of meer dieselfde betekenis het (p.22), die besondere betekenis wat deur 'n bepaalde volk daaraan toegedig word, eie aan die besondere volk is (p.41).

Tydens die onderhawige ondersoek is duidelike verskille aangaande sowel benaderingswyses van sport as motiewe van wat met sport bereik wil word, teëgekem. Hierdie verskille is merkbaar tussen individuele volke in die algemeen, maar daar bestaan veral 'n duidelike verskil tussen die sportbenadering van die Oosbloklande (die Sowjet Unie (USSR) en die Duitse Demokratiese Republiek (DDR)) teenoor die van die Westerse lande (al die ander lande wat ondersoek is).

6.2.1 Sportdeelname en sportvoorsiening

In die Oosbloklande word sport geheel en al in diens van die owerhede gestel. Om dus ideologiese doelstellings te kan bereik, word besondere klem op sport en verskillende aspekte wat daaraan verwant is, gelê. Sport beklee 'n prominente plek in die ontwikkeling van Marxisme en dra dieselfde verantwoordelikhede teenoor die kommunistiese maatskappy as ander terreine van die alledaagse lewe (p.203). Dit bring mee dat sport altyd diensbaar moet wees en nie net vir plesier beoefen moet word nie (p.198).

As gevolg van hierdie benadering word die voorsiening van sport in al sy verskillende konnotasies as 'n nasionale poging beskou.

Volgens die Oos-Europese state het sport alles met politiek te make en dit is 'n verdere rede waarom die regering op alle vlakke van sportbeoefening internasionaal en binnelands, betrokke is (p.175).

Wat Westerse sport betref word slegs die Kanadese en die Franse sportafrigtingspraktyke deur 'n regeringsliggaam beheer. In ander gevalle word die voorsiening van sportafrigting deur nasionale sportbeheerliggame of die federasies waarby hulle geaffilieer is, of deur ander outonome instellings behartig.. Dit lei daartoe dat die voorsiening van sportafrigting in die Westerse lande oorwegend op geïsoleerde wyse en ook gefragmenteerd plaasvind. Dit impliseer nie dat die verskillende Westerse regerings heeltemal afsydig teenoor sport en sportafrigting staan nie. In al die gevalle wat ondersoek is, lewer regeringsinstansies bydraes maar die sportpraktyk word nie in diens gestel om hulle filosofieë te bevorder nie.

6.2.2 Amateurisme

Die begrip amateurisme word heeltemal verskillend deur Oosterse- en Westerse sportlande geïnterpreteer. Alle sportlui in die Oosbloklande word as amateurs (staatsamateurs) beskou. Dit, nieteenstaande die feit dat veral diegene wat op topsportvlak sport beoefen, niks anders doen nie as om hulle sport te beoefen en die staat ten volle hulle daaglikse leeftog voorsien. Daarby ontvang hulle ook

aansienlike finansiële en ander materiële voordele (p.178).

Alhoewel die amateurreëls al in groot mate verruim is en Westerse sportlui ook op verskeie maniere materiële voordele uit sportbeoefening trek (p.179), word tog gereken dat die Westerse siening van amateurisme nog verder aangepas sal moet word, indien dieselfde oefen-, afrigting- en deelnamegeleenthede aan die Westerse sportlui voorsien wil word (p. 74). Hier kan genoem word dat die amateurkode, met betrekking tot besoldiging of nie, vir dienste wat aan sport gelewer word, in sekere sportsoorte ook deurgevoer word na die afrigters (p.318).

6.2.3 Sportkommersialisering

'n Verdere verskil in die benaderingswyse van sport tussen die Oosterse en Westerse lande, bestaan in die mate waarin sport in die Weste gekommersialiseer is. In die Kommunistiese ideologie is daar geen bestaansreg vir kommersiële sportorganisasies nie (p. 74). Topsportlui is dus nie as gevolg van kommersiële gewin vir internasionale (amateur) kompetisies verlore nie. Alhoewel die gekommersialiseerdheid van sport in die Weste daartoe bygedra het dat van die beste sportlui in amateursportsoorte vir topsportkompetisie verlore is, is dit juis die kommersialisering van sport wat dit moontlik gemaak het vir die amateursportlui om deur middel van die hulp wat hulle van hulle sportorganisasies ontvang, meer tyd en geleentheid te baat te neem om hulle vir topsportdeelname voor te berei.

6.2.4 Sportoutonomie

Die begrip "outonomie" word ook heeltemal verskillend geïnterpreteer. Volgens ideologiese standaarde van die Oosbloklande kan geen instansie onafhanklik van die staat funksioneer nie. Die verskillende sportsoorte beskik wel oor nasionale beheerliggame en deur middel van hierdie liggame word affiliasie by internasionale sportliggame bewerkstellig, maar van outonomie is daar geen sprake nie. Die staat is hier ook die volle gesag (p.202).

Volgens Westerse interpretasie van outonomie is die verskillende sportbeheerliggame geheel en al in beheer van hulle eie sake. Die finansiële afhanklikheid van sportbeheerliggame (as gevolg van borgskappe deur maatskappye en finansiële steun deur ander instansies) affekteer in 'n mate hulle outonomie, maar die sportliggame behou tog nog die reg om uiteindelik ook oor die finansiële steun te besluit. Die sportbeheerliggame kan onafhanklik ook internasionale kontakte opbou.

Met betrekking tot internasionale deelname moet daarop gewys word dat regerings en internasionale sportliggame dikwels druk uitoefen op sportbeheerliggame, indien genoemde internasionale kontak nie tot voordeel van die regering of internasionale liggaam strek nie. Die verskillende lande en sportsoorte varieer in die mate waarin die druk wel uitgeoefen word (vergeelyk die politieke sportisolاسie van Suid-Afrika).

6.2.5 Normatiewe evaluering

Uit die voorgenoemde feite kan dus vasgestel word dat die voorsiening van sport in al die verskillende fasette, waaronder ook sportwetenskaplike navorsing en sportafrigting, beïnvloed word deur onderliggende filosofieë wat, alhoewel daar ooreenkomste is, tog by die verskillende volke 'n eiesoortige karakter openbaar. Dit maak 'n voortdurende vergelyking tussen die sportvoorsiening in die verskillende lande nie alleen onbillik nie, maar ook baie omvangryk en byna onmoontlik.

Gevolgtrek sal die evaluering van die reeds genoemde praktyke op 'n normatiewe grondslag geskied. Die aspekte wat op 'n geprofessionaliseerde benadering dui, sal uitgelig word.

6.3 SPORTWETENSKAP EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE SPORTAFRIGTINGSPRAKTYK

6.3.1 Lande wat sportwetenskaplike navorsing onderneem

Sportwetenskaplike navorsing word in meerdere of mindere mate deur al die lande wat in die ondersoek betrek is, onderneem.

In die Oosbloklande, die USSR en die DDR, vorm sportnavorsing 'n integreerende deel van die sportsisteem. Die ontwikkeling van sportnavorsing word as noodsaaklik beskou, doelmatig georden en nie aan die toeval oorgelaat nie (p.183). Dit is dikwels geïntegreerde pogings waarby staatsdepartemente,

streeksowerhede, universiteite en/of verskillende fakulteite betrek word. Navorsing word oor die lang en kort termyn onderneem.

Van die sportlande van Wes-Europa lewer die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland die grootste sportwetenskaplike bydrae (p.221). Sportnavorsing word ook oor 'n wye terrein in die VSA onderneem (p.145). Die navorsing, asook die toepassing van die resultate, vind egter baie geïsoleerd plaas. Dit gebeur dikwels dat teoretiese bevindings nie in die praktyk toegepas word nie (p. 145).

In veral Israel en Kanada word die navorsing gerig volgens die moontlikheid van die praktiese toepassing van die resultate na eie behoeftes en omstandighede.

In verskeie lande word die beoefening van sportnavorsing aangemoedig deur die toekenning van medaljes, geld en beurse.

Sportnavorsing is en word ook in die Republiek van Suid-Afrika onderneem. Sedert die navorsingskema van die Departement Sport en Ontspanning in 1974 aangepak is, is gepoog om sportnavorsing op vaste grondslag te plaas (p. 291). Deur hierdie skema het die Departement tot dusver al 'n groot diens aan Suid-Afrikaanse sport en rekreasie gelewer. Dit behoort in die toekoms in die algemene sportpraktyk steeds duideliker te blyk.

Verder is die RGN-sportondersoek, wat in opdrag van die Minister van Nasionale Opvoeding aangepak is en gedurende 1982 afgehandel is (p.287) die uitvoerigste sportondersoek

van sy soort wat nog onderneem is en die beplanning, hanteering en afhandeling daarvan getuig van wetenskaplike benadering. Dit kan as voorbeeld van geprofessionaliseerde navorsing voorgehou word. Navorsing oor die sportafrigtingspraktyk in Suid-Afrika het tot dusver nie voldoen aan die nodige vereistes sodat sportopleiding en -afrigting daarop gefundeer kan word nie.

6.3.2 Die doelstellings van sportwetenskaplike navorsing

Met sportwetenskaplike navorsing word gepoog om

- 'n wetenskaplike basis vir 'n besondere sportsisteem daar te stel;
- om 'n stelsel vir sportafrigting te vervolmaak;
- om organisatoriese en historiese beginsels in perspektief te plaas;
- om die standaard van sportopleiding te verbeter;
- om wetenskaplike apparaat, toerusting en fasiliteite te verbeter;
- om die ontwikkeling van sportfasiliteite wetenskaplik te verantwoord;
- om 'n bydrae te lewer tot die verbetering van sportprestasies.

6.3.3 Die temas vir sportwetenskaplike navorsing

Ten einde die doelstellings van sportwetenskaplike navorsing te kan nakom; word 'n wye verskeidenheid onderwerpe nagevors. Vergelyk die verskillende moontlikhede volgens die teoretiese uiteensetting van sport as wetenskap (p.47).

Van die verskillende vertakkinge van die sportwetenskap word die temas wat verband hou met sportgeneeskundige aspekte die meeste nagevors.

- In die USSR en die DDR kom navorsing wat verband hou met sportgeneeskundige aspekte op alle terreine van die sportgebeure voor. Eintlik kan dit van al die ander vertakkinge van die sportwetenskap gesê word (p.199).
- In Wes-Europa sentreer die sportnavorsing ook hoofsaaklik om sportgeneeskundige aspekte (24% van alle navorsing), gevolg deur psigologie en fisiologie.p. 221).
- Voorkeure vir sekere onderwerpe wissel van land tot land. In Wes-Duitsland word byvoorbeeld 40,7% van alle navorsing aan sportgeneeskunde gewy, terwyl die persentasie in Switserland ook hoog (40%) is. In Engeland kry navorsing oor sportadministrasie die meeste aandag (p. 222).
- 'n Tendens wat oor die algemeen voorkom, is dat die eksakte wetenskappe meer nagevors word as die para-wetenskappe, terwyl onderwerpe oor sportwetgewing, vergelykende liggaamlike opvoedkunde en filosofie onder aan die voorkeurlys staan (p. 221).

Agt navorsingsterreine kan in die RSA onderskei word, naamlik die wat handel oor rekreasie, natuurwetenskaplike aspekte, geesteswetenskaplike aspekte, bestuur, sportgeriewe, opleiding, finansies en afrigting.

Die navorsing toon egter, soos in die voorgenoemde lande, ook 'n beeld van eensydig gerigte temas. Biologies-fisiologies gerigte temas, en ook geesteswetenskaplike navorsing is goed

voorsien, terwyl sekere belangrike aspekte soos bestuur, geriewe, opleiding, finansies en afrigting selde nagevors word (p.289).

Eensydige navorsing is tot die nadeel van sport (p.289).

Twee redes kan egter hiervoor aangevoer word, naamlik

- i) 'n tekort aan geskikte navorsers in bepaalde rigtings en
- ii) die feit dat sportgeneeskundige navorsing 'n direkte invloed op sportprestasie kan hê. Die strewe na prestasieverbetering plaas 'n hoë druk op sportleiers en sportdeelnemers. Dit stel eise aan sportwetenskaplikes wat oplossings, wat tot sukses sal lei, moet bied.

6.3.4 Instansies wat sportnavorsing onderneem

Sportnavorsing word in die verskillende lande deur verskillende instellings onderneem.

In sommige gevalle is dit nasionale inrigtings soos byvoorbeeld in die USSR, die DDR, die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland, Israel, Switserland en Frankryk.

Sportnavorsing word ook by inrigtings vir tersiêre onderwys onderneem. Hieronder word sportinstitute, institute vir liggaamskultuur (USSR), politechnikons, kolleges en universiteite aangetref. Hier kan genoem word dat sportnavorsing by 25 institute vir Liggaamskultuur in die USSR voorkom. Verder is 3 523 voltydse instruksors, lektore en professore met sportnavorsing bedrywig (p.200).

Alhoewel verskillende inrigtings 'n groot bydrae tot sportwetenskaplike navorsing kan lewer, is navorsing wat vanuit 'n sentrale organisasie onderneem word verkiesliker, omdat dit dui op 'n geprofessionaliseerde benadering tot sportwetenskaplike navorsing. Dit, nie alleen omdat dit koördinerend en beheer vergemaklik nie, maar omdat probleemareas makliker volgens bestaande behoeftes geïdentifiseer kan word en aan professionele navorsers vir ondersoek toegewys kan word.

Die nasionaal beheerde navorsingsinrigting is dikwels naby of by nasionale sportopleidingskole geleë, byvoorbeeld in Israel, Switserland, Frankryk, Wes-Duitsland en die Oos-Europese state. Dit bring mee dat die nuutste wetenskaplike ontwikkelinge in die opleiding van die sportafrigters ingeskakel kan word.

In Suid-Afrika word sportnavorsing deur SAVSLOR gekoördineer. Hierdie liggaam beheer verder die navorsingskema van die Departement van Nasionale Opvoeding, (Direktoraat Sportbevordering). Die finansiële toekennings wat deur die Departement Nasionale Opvoeding vir sportnavorsing bewillig word, word deur SAVSLOR toegeken. Projekleiers aanvaar in sekere gevalle verantwoordelikheid vir die uitvoering van navorsingsprojekte. Die meeste sportnavorsing in Suid-Afrika word deur universiteite (departemente van Liggaamlike Opvoedkunde en sportinstitute) en eenhede by mediese skole, onderneem.

6.3.5 Die opleiding vir sportwetenskaplike navorsing

Sportwetenskaplike opleiding vind in verskeie buitelandse sportlande op geordende wyse plaas.

- In die DDR word opleiding in sportwetenskap as aparte dissipline by die DHfK en verskeie ander universiteite aangebied (p.182). Hierdie kursusse duur in die geval van geneeskundiges wat hulle in die sportgeneeskunde wil bekwaam, vier jaar.

Voornemende professionele sportafrigters ontvang tydens hulle vierjarige opleiding intensiewe sportwetenskaplike opleiding. Sportgeneeskundige studie word veral beklemtoon, maar ander terreine soos die sosiologie, psigologie en ekonomie kom ook tereg (p. 181).

- In die USSR vorm sportwetenskaplike opleiding ook 'n belangrike deel in die voorbereiding van sportafrigters. In die leerplan vir die opleiding van afrigters word 11,1% van die beskikbare tyd aan die sportgeneeskunde gewy. Dit is die derde hoogste tydsbesteding naas opleiding in die sportsoort (42,8%) en praktiese werk (23%)(p.206). Nagraadse studie in die sportwetenskap kan ook aan verskeie inrigtings vir tersiêre onderwys gevolg word (p.207).
- In die ander lande wat in die ondersoek betrek is, word opleiding in sportwetenskaplike navorsing by universiteite (departemente van Liggaamlike Opvoedkunde) of institute, byvoorbeeld in Wes-Duitsland, aangebied, terwyl Sportkunde as vak of hoofvak vir voorgraadse studie ook aangebied word (p.147, 167 en 312).

In die RSA word sportwetenskaplike opleiding as deel van die opleiding van Liggaamlike Opvoedkundiges behartig. In enkele gevalle word Sportkunde as kursus, of as deel van 'n kursus tydens die voorgraadse studie aangebied. Sportkunde word dus nog nie as selfstandige wetenskap beoefen nie. Sportaf=

rigters kom tydens hulle nie-formele opleiding slegs in geringe mate met sportwetenskaplike opleiding in aanraking (p. 325).

Voornemende geneeshere word glad nie tydens hulle opleiding met sportwetenskap bekendgestel nie. In Suid-Afrika bestaan ook geen spesialiseringsoommoontlikhede in sportgeneeskunde nie (p.292).

As gevolg van die feit dat 'n Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportgeneeskunde gestig is (p. 291) en dat sportnavorsing by die mediese skole van twee universiteite onderneem word, (p.292) kan afgelei word dat daar wel besondere belangstelling by medici in sportgebeure bestaan.

Wanneer die belangrikheid van sportgeneeskunde vir die algemene gesondheid van die sportbeoefenaar en vir die lewering van topprestasies, saam met die genoemde belangstelling van die medici in ag geneem word, is dit onverstaanbaar dat daar nie in Suid-Afrika formele opleiding in sportgeneeskunde bestaan nie.

Geneeshere wat hulle wel in sportgeneeskunde wil bekwaam, is aangewese op die resultate wat uit genoemde enkele navorsing=sentra na vore kom, beskikbare literatuur, inligting wat tydens simposia bekom kan word en opleidingsentra in die buiteland.

6.3.6 Die toepassing van sportwetenskaplike kennis in die afrigtingspraktyk

Blykens inligting wat tydens hierdie ondersoek bekom is, kan afgelei word dat die Oosbloklande (die USSR en die DDR)

sportwetenskaplike beginsels op meer geprofessionaliseerde wyse bevorder as sommige ander sportlande. Dit blyk veral uit die wyse waarop die toepassing van die navorsingsresultate in die praktyk in werking gestel word.

Doelbewuste pogings word veral in die voorgenoemde lande gemaak om teorie en praktyk gelykwaardig en in oorlegpleging met mekaar te beoefen. Om dit te kan verwerklik, word sportaf-rigters baie goed onderlê in sportwetenskap en veral in sport-geneeskunde, terwyl sportgeneeskundiges ook tydens hulle opleidingstydperk 'n afrigtingskwalifikasie moet verwerf (p.180). Op hierdie wyse besit beide groepe die nodige insig om beskik-bare kennis doeltreffend toe te pas en met verdere navorsing, wat volgens behoeftes geïdentifiseer kan word, aan te vul.

Dit gebeur ook dikwels dat die resultate van sportkundige navorsing wat in Westerse lande onderneem is, deur die DDR en USSR gebruik en in die praktyk toegepas word (p.146).

Die betrokkenheid van sportgeneeskunde word in die DDR deur wetgewing voorgeskryf. Dit geld nie alleen topsportdeelname nie, maar ook sportbeoefening in verskillende distrikte (p. 180).

Die aantal sportgeneesheren wat tans in die DDR, met 'n bevolking van sewentien miljoen, werksaam is, tussen 600 en 700, getuig van die intensiewe wyse waarop hulle by sport betrokke is (p. 180).

Die feit dat nasionale afrigters ook dikwels oor hoë akademiese kwalifikasies beskik (p.181) getuig daarvan dat die praktiese toepassing van wetenskaplike gegewens algemene praktyk is.

Die welslae wat hierdie lande op internasionale vlak behaal, word gedeeltelik toegeskryf aan die wetenskaplikheid van hulle afrigtingspraktyk.

By die keuring van sportlui met die oog op topsportdeelname, is daar noue samewerking tussen sportafrigters en sportgeneeskundiges. Potensiële kampioene word deur middel van sportfisiologiese toetse geïdentifiseer. Verder word al die gegewens van die topsportlui gerekenariseer. Oefenprogramme word volgens beskikbare gegewens aangepas.

In die Republiek van Suid-Afrika getuig vele praktyke van sport tans nog van onwetenskaplikheid (p.367). Die feit dat die sportwetenskap na behore georden moet word, word reeds in sommige kringe besef (p. 290) en dit word ook besef dat die praktiese implimentering van sportinhoude wetenskaplik gefundeer moet wees (p. 314) maar dit het nog nie in die sportafrigtingspraktyk tereg gekom nie.

Die gaping wat in Suid-Afrika tussen byvoorbeeld sportgeneeskunde en afrigting bestaan, word bevestig deur die feit dat die Suid-Afrikaanse Sportgeneeskundige Vereniging slegs medici as lede toelaat, behalwe in die geval van hoë uitsondering (p. 291).

Solank sportwetenskaplike benadering nie as onontbeerlik vir die afrigtingspraktyk beskou word nie en solank die sportwetenskap nie op professionele wyse georden word nie, sal geprofessionaliseerde sportafrigting nie in Suid-Afrika verwezenlik word nie.

6.4 VERSKILLEDE VERTAKKINGE VAN AFRIGTINGSPRAKTYK

6.4.1 Die beheer en koördinerings van sportafrigting

Geordenheid in die beheer en koördinerings van sportafrigting is 'n noodsaaklikheid as professionalisering nagestreef word (p.12).

Die sportafrigtingspraktyk word in verskillende lande op 'n verskeidenheid maniere georganiseer. Hieruit kan afgelei word dat alhoewel daar ooreenkomste is, die verskille wat aangetref word, op die aanpassing van 'n stelsel volgens eie omstandighede en behoeftes dui.

In byna al die buitelandse sportlande wat by die ondersoek betrek is, bestaan een of ander liggaam of instansie wat die afrigtingspraktyk in die land behartig. In die meeste gevalle is dit 'n nasionale instelling en word óf deur 'n regeringinstelling of deur die regering in samewerking met sportliggame, óf deur 'n sportraad of -federasie in die praktyk behartig. Slegs die belangrikste punte word beklemtoon:

- In Rusland loop sport aan die leiband van die Kommunistiese party. Die hele stelsel berus op 'n hooggesentraliseerde, beheerde burokrasie wat op sentrale, streeks- en lokale vlak die gesag voer (p.201). Die algehele beheer setel in die Komitee vir Liggaamskultuur en Sport van die USSR se Raad van Ministers. Hierdie komitee beskik oor talle werknemers en spesialiste. Komitees wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van verskillende sportsoorte, werk saam met die sportfederasies. Sport kan dus nie onafhanklik van die staat beoefen of bedryf word nie (p. 203).

- In die Duitse Demokratiese Republiek is die reg tot sportdeelname in die konstitusie van die Staat opgeneem. Die waarde en nut van sport word op die wyse beklemtoon (p.187). Sportbedrywighede is heeltemal gepolitiseer. Die Duitse "Turn- und Sportbund" is in volle beheer van alle sportaangeleenthede en sport word sentraal georganiseer. Sportkentekens kan verwerf word en as gevolg van die sentrale organisasie word dit deur die hele land erken.
- Wat die beheer en koördinerings van sportafrigting in Europa betref, kan genoem word dat die Raad van Europa ook oor 'n komitee vir sportbevordering beskik (p.220). Die lande werk onderling saam in sake wat wedersyds tot voordeel kan strek. Dit bied 'n goeie voorbeeld van die wyse waarop die belange van verskillende streke in een raad saamgevat kan word.
- In België is BLOSO*, verantwoordelik vir die hantering van sake wat op sportafrigting betrekking het. Dit is 'n sportdepartement onder beheer van die Minister vir Vlaamssprekendes (p. 223).
- In die Bondsrepubliek van Duitsland word sportafrigting deur die Duitse Sportbond ('n outonome liggaam) in samewerking met die sportbeheerliggame behartig (p.230). Die klubs skakel in by die provinsiale liggame en laasgenoemde weer by die provinsiale federasies. Die provinsiale liggame affilieer ook by die nasionale sportbeheerliggame van hulle eie sportsoorte. Laasgenoemde liggame en die provinsiale federasies skakel in by die Duitse

* BLOSO. Bestuur vir Liggaamlike Opvoeding, Sport en Opeluglewes.

Sportbond. Dit staan sportbeheerliggame vry om te besluit oor deelname al dan nie, aan die afrigtingsprogramme van die Duitse Sportbond (p. 237).

- In Frankryk staan die sportafrigtingspraktyk onder staatsbeheer. Sportafrigting word ook deur die staat gekontroleer en sedert 1963 mag geen afrigter sonder die nodige kwalifikasies teen vergoeding sport afrig nie (p. 243).
- In Nederland word sportafrigting gekoördineer deur die Nederlandse sportfederasie. Die beheer word gedeeltelik deur die sportfederasie en die sportbeheerliggame uitgeoefen, terwyl laasgenoemde liggame vir die kontrole verantwoordelik is.
- Die Oostenrykse stelsel bied 'n voorbeeld van die wyse waarop stelsels by eie omstandighede aangepas word. Dit is die enigste van die Westerse lande wat ondersoek is, waar sportklubs by polities georiënteerde liggame kan aansluit. Hierdie liggame bied ook afrigtingsgeleenthede. Die opleiding van afrigters word beheer deur die nasionale sportbeheerliggame.
- In Switserland staan sport en ook sportafrigting gedeeltelik op die terrein van die staat en gedeeltelik in die burgerlike lewe (sportbeheerliggame). In hierdie verband vervul die ETS (die offisiële sportskool)(p.260) 'n belangrike rol, aangesien dit in groot mate die afrigtingspraktyk, veral die afrigtersopleiding op rekreasie- en gewone kompetisiesportvlak beheer en koördineer. Die Komitee vir Elitesport (NKES) is 'n komitee van die Switserse sportfederasie en beheer alle topsportafrigtingsake. Die sportliggame werk nou saam met die genoemde liggame en aanvaar ook die verantwoordelikheid van die praktiese

sportafrigting.

- In Australië ressorteer sport onder die afrigtersraad (CASCA) van die Konfederasie van Australiese Sport in samewerking met die sportbeheerliggame. Die regering steun en erken die afrigterskwalifikasieskema. CASCA poog om die standaard van afrigting in alle sportsoorte te verbeter.
- Sportafrigting word in Kanada deur die nasionale sportafrigtersvereniging, 'n regeringsinstelling, behartig. Die nasionale sportbeheerliggame het 'n keuse of hulle by die komitee se skemas wil inskakel. Indien dit nie gebeur nie kan finansiële steun teruggehou word.
- Sommige sportsoorte in Israel vereis dat afrigters nie sonder die nodige kwalifikasies sport mag afrig nie. Wetgewing om die reëling op alle sportsoorte van toepassing te maak word verwag (p.117). Intussen word op die sportfederasies staatgemaak om die nodige beheer oor afrigting en afrigters uit te oefen. Die koördinerings van afrigting word deur die afrigtingskool te Wingate behartig (p.119).
- In die VSA en Engeland bestaan geen oorkoepelende beheerliggame om die sportpraktyk te behartig nie. Individuele sportbeheerliggame behartig self die afrigtingspraktyk. Die Britse sportraad beskik oor 'n adviespaneel om nasionale afrigting te hanteer.

'n Nasionale afrigtingskema is nog nie in Engeland gevestig nie, maar is in die finale stadium van beplanning (p.164). In die VSA word verskeie pogings gemaak om sportafrigting op nasionale vlak te orden, maar dit het nog nie oral inslag gevind nie (p.147).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik hoe die verskillende sportlande hulle sake volgens hulle eie omstandighede reël.

In Suid-Afrika bestaan geen oorkoepelende gesag wat sportafrigting op nasionale vlak koördineer en kontroleer nie. Verskeie instansies stel sigself ten doel om sportafrigting te bevorder (p.293) en verskeie sportliggame beskik oor 'n afrigtingspraktyk wat in mindere of meerdere mate slaag (p.294). Hierdie pogings vind egter oorwegend nie op 'n geordende en gesistematiseerde wyse plaas nie.

In sekere Europese lande is dit algemene praktyk dat streeksowerhede betekenisvolle bydraes tot die bevordering van sport binne die bepaalde streek, lewer (p.186). Daarteenoor is die funksies van die provinsies in Suid-Afrika met betrekking tot sportvoorsiening ontoereikend (p.307). Provinsiale liggame, administrasierade en ander liggame is betrokke by sportvoorsiening op streeksvlak. Die gefragmenteerde beheer en verantwoordelikheid lei tot ongelyke en onvoldoende sportvoorsiening.

In die nuwe staatkundige bedeling van Suid-Afrika sal sportvoorsiening op skoolvlak nog steeds op gefragmenteerde grondslag, met gefragmenteerde verantwoordelikheid, behartig word. Dit is die geval omdat onderwysaangeleenthede as 'n eie saak beskou word en gevolglik is dit die verantwoordelikheid van die verskillende onderwysowerhede.

Indien sportleiers die sportafrigtingspraktyk in Suid-Afrika op professionele wyse wil laat funksioneer, sal een of ander vorm van sentrale beheer ingestel moet word. Dit sal lei

tot 'n eenvormige stelsel in die hantering van sake wat op sportafrigting betrekking het, met gevolglike nasionale erkenning van standaarde en norme.

6.4.2 Die opleiding van sportafrigters

6.4.2.1 Inleiding

Sportopleidingsprogramme kom in al die verskillende buitelandse sportlande wat ondersoek is, voor. In die meeste gevalle is dit nasionale opleidingstelsels. Die opleidingstydperke wissel na gelang van die taak waarvoor die voornemende afrigter opgelei word. Dit wissel van 'n paar uur tot vier of vyf jaar.

Sportopleiding word deur verskillende liggame en instansies aangebied, soos byvoorbeeld inrigtings vir tersiêre onderwys, opleidingsinstitute, sportopleidingskole en sportbeheerliggame. In die meeste gevalle word die sportopleiding in samewerking met die nasionale sportbeheerliggame behartig.

6.4.2.2 Instansies wat sportopleiding behartig

- Die formele opleiding word gewoonlik deur universiteite of inrigtings met universiteitstatus aangebied.
- In Rusland en die DDR kan byvoorbeeld 'n akademiese graad in sportafrigting verwerf word. Hierdie kursus duur vier tot vyf jaar (p.191). Nagraadse opleiding in sportwetenskap kan ook onderneem word. Met hierdie kursus word sportspesialiste wat as professionele afrigters gaan diens lewer, opgelei. Die kwalifikasies is gelykstaande aan die van

enige ander akademiese graad.

In verskeie ander lande kan ook akademiese opleiding in Sportkunde ontvang word, soos byvoorbeeld in België, die Bondsrepubliek van Duitsland, Switserland, Kanada en die Verenigde State van Amerika. Dit dui op 'n sterk akademiese onderbou waarop die afrigtingspraktyk baseer word. In Switserland kan 'n persoon op formele wyse as sportonderwyser (onderwysgerig) aan 'n universiteit opgelei word, of as 'n sportonderwyser (nie onderwysgerig) aan die nasionale sportskool (p.261).

'n Staatsdiploma in sportafrigting kan aan die Trainerakademie te Keulen, Wes-Duitsland verwerf word, terwyl 'n soortgelyke kwalifikasie aan die nasionale sportinstituut te Parys, Frankryk, verwerf kan word. In die eerste geval duur die kursus agtien maande (drie semesters) en in die tweede geval twee jaar (vier semesters). Die opleiding is voltyds en dit veroorsaak soms probleme, aangesien 'n individu vir die hele tydperk nie sy normale beroep kan beoefen nie. Dit is ook moeilik om weer na die arbeidsmark terug te keer indien die afrigtingsberoep nie slaag nie. Dit verklaar moontlik die feit dat alhoewel dit 'n voortreflike opleiding is, die moontlike kwota nie volgeskryf is nie (p.245). Hierdie opleiding is hoogs gespesialiseer en slegs twaalf kandidate het gedurende 1982 die kursus in Frankryk gevolg.

'n Soortgelyke kwalifikasie as die bogenoemde kan ook by die nasionale sportskool te Magglingen, Switserland behaal word. Die opleidingstyd vir hierdie kwalifikasie duur van 24 tot 30 maande en word in twee afdelings aangebied, naamlik vir 'n eerste diploma (ongeveer een jaar) en vir 'n tweede diploma

(een jaar tot agtien maande). Hierdie opleiding word deelyds aangebied. Die voornemende afrigters kom periodiek bymekaar en handel verskeie opdragte tuis af. Hulle kan dus nog tydens hulle opleiding 'n voltydse beroep beoefen (p.265).

Die tydperk van opleiding vir professionele afrigting (18 maande tot 3 jaar) getuig van 'n professionele benadering. As die onsekerheid wat nog in die afrigtingsberoep aanwesig is in aanmerking geneem word, blyk dit voordeliger te wees as die opleiding deelyds plaasvind, sodat die individu nog kontak met sy normale beroep kan behou.

Afrigtersopleiding kan ook per korrespondensiekursus afgelê word soos byvoorbeeld in die DDR (p.193) en die Bondsrepubliek van Duitsland (p.238). Dit stel afrigters ook in staat om opleiding te ontvang sonder om 'n beroep prys te gee.

Die nie-formele sportopleiding word deur verskeie instansies met of sonder die samewerking van die nasionale sportbeheerliggame onderneem. Dit word of sentraal aangebied (soos in Switserland en Israel) of in verskillende streke (soos in die meeste ander gevalle).

6.4.2.3 Inhoud van die opleidingsprogram

Die inhoud van die opleidingsprogramme hang ten nouste saam met die vlak van opleiding. Onderskeid word gemaak tussen die opleiding van professionele afrigters en die opleiding vir deelydse of vrywillige afrigters. In die meeste gevalle dien die nie-formele opleiding vir deelydse of vrywillige afrigters as voorbereiding en voorvereiste vir die professionele opleidingsprogram. Die kwaliteit en kwantiteit van

die program word dus progressief aangepas. In die geval van professionele opleiding word alle afdelings van die sportafrigtingspraktyk behandel.

In die USSR en die DDR word die meeste tyd aan sake wat met die teorie en praktyk van bepaalde sportsoorte verband hou, bestee. Sportgeneeskundige en -filosofiese beginsels word ook sterk beklemtoon.

Die opleidingsprogram is in die meeste gevalle, maar veral in die Bondsrepubliek van Duitsland, Frankryk, Switserland en Kanada, wat ook voorsiening maak vir die opleiding van nasionale (professionele) afrigters, gesistematiseer en weldeurdag.

Die nie-formele opleiding word gewoonlik op verskillende vlakke aangebied. Drie, vier en selfs vyf vlakke opleiding word aangetref. Hierdie kursusse bestaan hoofsaaklik uit twee afdelings, naamlik 'n algemene afdeling en 'n deel vir sportspesifieke kennis, dit is aspekte wat op die sportsoort waarin opleiding ontvang word, betrekking het. Die algemene opleiding word byvoorbeeld of deur 'n sportskool, of sportfederasie of -bond aangebied, terwyl die spesifieke opleiding deur 'n betrokke sportsoort self behartig word (p.251). In Australië behartig die sportsoorte self die aanbieding van die algemene afdeling en die spesifieke afdeling. Die inhoud van eersgenoemde word deur die nasionale afrigterskomitee opgestel, terwyl laasgenoemde afdeling deur die sportliggame self, met die goedkeuring van 'n tegniese komitee, opgestel word (p. 276).

In Kanada wat voorsiening maak vir vyf verskillende vlakke opleiding, word die laaste twee vlakke hoofsaaklik deur die sportbeheerliggame behartig. Alhoewel die sportbeheerliggame leiding van die Kanadese afrigtersvereniging ontvang, kan die praktyk op die hoogste vlak van opleiding lei tot nie-gestandaardiseerde metodes en inhoude.

Oor die algemeen is daar sowel ooreenkomste wat die inhoude betref as die feit dat in die meeste gevalle vasgestelde tydperke vir ervaring in die afrigtingspraktyk voorsiening gemaak word.

'n Verdere feit wat in gedagte gehou moet word is dat die beplanning vir die implimentering van die afrigtingsopleiding oor verskeie jare kan strek en al die vlakke nie gelyktydig geïmplimenteer word nie (p.135).

In al die gevalle word van afrigting op massavlak (laagste kwalifikasie) na topsportafrigting (of hoogste kwalifikasie) gevorder.

Wetenskaplik georiënteerde afrigtingstydskrifte word tot die beskikking van sportafrigters gestel (p.130) terwyl simposia en/of opknappingskursusse in onder andere die Duitse Demokratiese Republiek (p.193) die Bondsrepubliek (p. 238), Kanada (p.138), Australië (p.277) en Engeland (p.162) op gereelde grondslag gehou word. Dit kan beskou word as indiensopleiding vir die reeds gekwalifiseerde afrigter. In Nederland word die televisie gebruik om inligting oor sportafrigting bekend te stel (p.251). Verder word die Nederlandse sportalmanak gebruik om inligting oor opleiding bekend te stel. In Suid-

Afrika bestaan slegs enkele geleenthede vir sportkundige opleiding op formele vlak (p.313). Hierdie opleiding is egter nie wat die kwaliteit van inhoud en kwantiteit van die duur van die kursusse betref, vergelykbaar met die vir die opleiding van sportkundiges in die buiteland nie.

Verskeie sportsoorte is besig met die nie-formele opleiding van sportafrigters. Aangesien daar egter nie 'n sentrale liggaam is wat die inhoudelike van die opleidingsprogram koördineer nie, wissel die standaard van sportsoort tot sportsoort. Tot sewe verskillende opleidingsvlakke word in sommige sportsoorte aangebied.

Oor die algemeen is die opleiding op deeltydse en vrywillige afrigters gerig. In een sportsoort wat tydens die ondersoek betrek is, word professionele afrigters opgelei (p. 319). As hierdie stelsel van opleiding vergelyk word met enige van die reeds genoemde buitelandse opleidingsisteme wat op professionele opleiding gerig is, sal gemerk word, dat wat die inhoud en tydsduur van die aanbieding betref, dit ver te kort skiet. Die wetenskaplike begroning van genoemde opleidingstelsel kan nie verantwoord word nie (p. 325).

Aangesien daar in Suid-Afrika geen doeltreffende geleenthede is om as professionele afrigter opgelei te word nie en aangesien die nie-formele opleidingstelsel geen eenvormigheid vertoon of wetenskaplik verantwoord kan word nie, blyk dit dat 'n doeltreffende sisteem van afrigtersopleiding tesame met 'n goedgeorganiseerde afrigtingsstelsel een van die eerste stappe behoort te wees in die strewe na geprofessionaliseerde sportafrigting. Dit sal ooreenstem met die optrede van sportadministrateurs in die DDR na die Tweede Wêreldoorlog toe hulle

416

eerste met doeltreffende organisasie en opleiding begin het (p. 138).

Die opleidingsmodules wat deur Botha (p.335) opgestel is, maak voorsiening vir die nie-formele opleiding van sportafriegers op drie verskillende vlakke. Die inhoud van hierdie opleidingsvlakke weerspieël insig in dit wat die sportafrieger vir sy algemene opleiding benodig. Die genoemde opleiding vind in twee afdelings plaas, naamlik 'n algemene afdeling en 'n afdeling wat betrekking het op 'n bepaalde sportsoort. Beide wat die inhoud en indeling betref, kom dit ooreen met erkende stelsels in die buiteland.

As die gebrekkige sportagtergrond van sommige lede van die heterogene Suid-Afrikaanse bevolking in ag geneem word, sal dit voordelig wees vir die afrigtingspraktyk in die algemeen, indien 'n voorbereidende kursus om te kwalifiseer as oefenleier, voor opleiding op vlak I, soos voorgestel deur Botha (p.335) gevolg word.

In Kanada word die stelsel van assistentafrigters gevolg. In die geval help 'n voornemende topsportafrieger met afrigting onder 'n gekwalifiseerde nasionale afrigter. Die oefenleier kan op dieselfde basis tydens die periode waartydens hy afrigtingservaring opdoen saam met 'n senior-afrigter werk.

Aangesien die opleidingsmodelle soos deur Botha voorgestel nie voorsiening maak vir die opleiding van professionele afrigters nie moet voorstelle vir so 'n opleidingsmodel ingedien word.

Ten slotte kan gemeld word dat Janbroers (1977) ervaring tydens afrigtersopleiding baie hoog aanslaan. Dit is ook 'n aanvaarde praktyk in die buitelandse sportopleidingspraktyk (p.224) en word ook deur Botha (p.336) voorgestaan en sal gevolglik in die voorgestelde modelle behou moet word.

6.4.3 Afrigtingsgeleenthede

6.4.3.1 Sportafrigting in die skole

In die meeste lande wat tydens die ondersoek betrek is, word die basiese sportvaardighede op skoolvlak aangeleer. Liggaamlike Opvoedingonderwysers en/of buite-afrigters is in die meeste gevalle vir die onderrig van sportvaardighede verantwoordelik.

In verskeie van die lande is die sportafrigting en aanleer van die sportvaardighede op skool nie na wense nie, byvoorbeeld onder andere in Kanada (p.139) Rusland (p.211) Frankryk (p.247) Australië (p.278) en Suid-Afrika (p.367). In Oostenryk word glad nie van buite-afrigters op skoolvlak gebruik gemaak nie (p.257).

In sommige skole word eksamen oor sport as vak afgelê, byvoorbeeld in Israel (p.124) en die Duitse Demokratiese Republiek (p.208).

Die VSA beskik oor 'n ekstensiewe skoolsportprogram en duisende leerlinge word by jeugsportprogramme betrek (p.144).

In verskeie lande word besondere deelnamegeleenthede vir potensiële topsportlui op skoolvlak geskep.

- In Israel word talentvolle sportlui naskools by sportskole vir afrigting in bepaalde sportsoorte saamgetrek (p.124).
- In die Duitse Demokratiese Republiek is skoolsport uiters belangrik (p.194) en by sportskole waar inwoning en onderwys= geleenthede beskikbaar is, word sportlui in bepaalde sportsoorte afgerig (p. 195). Die toevoeging van sportskole by die sportsisteam is 'n belangrike ontwikkeling in hulle sportprogram.
- Sportkosskole en jeugsportskole word in Rusland aangetref (p.210). By hierdie inrigtings word talentvolle sportlui in sportsoorte waarin hulle uitblink, afgerig. Eersgenoemde inrigting bied ook inwoning, terwyl sportafrigting in laasgenoemde inrigtings op deeltydse basis na die gewone skoolaktiwiteite aangebied word (p.212). Sommige van die skole spesialiseer in een sportsoort, terwyl 'n verskeidenheid sportsoorte by ander aangebied word. Daar is tans voldoende gekwalifiseerde afrigters en doeltreffende sportgeriewe by hierdie skole beskikbaar. Daar is tans meer as 4 000 jeugsportskole (p. 212).
- In België word mobiele sportskole aangetref. Dit beteken dat sportafrigters tussen verskillende skole rondbeweeg en met sportafrigting-hulp (p.226).
- In Oostenryk word veral klem gelê op die aanbieding van sportafrigting oor 'n breë terrein, terwyl vroeë spesialisasie vermy word. Tog bestaan daar sportskole vir besondere sportsoorte soos byvoorbeeld sokker (p. 258).
- Switserland bied besondere geleenthede aan topsportlui

wat nog op skool is. Belowende deelnemers woon byvoorbeeld in by die nasionale sportskool te Magglingen en ontvang daar intensiewe afrigting in h bepaalde sportsoort, terwyl hulle nabygeleë skole vir hulle akademiese opleiding bywoon (p.266)..

- In Frankryk word geselekteerde sportlui by die nasionale Instituut vir Sport, net buite Parys, intensief afgerig. Een en twintig sportsoorte word aangebied. Onder die 500 deelnemers wat in 1982 hier afrigting ontvang het, was 170 van skoolgaande ouderdom. Tydens die tydperk van intensiewe afrigting word die skoolopleiding ook bygehou (p.248). Die tydperk vir afrigting wissel gewoonlik van een tot drie jaar.
- In Australië bestaan ook besondere afrigtingsgeleenthede vir topsportlui, veral sedert die Australiese sportinstituut sy beslag gekry het. Hier word ook deelnemers van skoolgaande leeftyd opgeneem. Tans is daar 188 voornemende kampioene en vir die wat nog skoolpligtig is, word spesifieke onderwysgeleenthede geskep (p.280).
- Suid-Afrikaanse skoolsport word deur die onderwysowerhede as deel van die opvoedingsproses beskou (p. 338). Dit is h prysenwaardige siening en elke regdenkende individu wat die welsyn van die ontwikkelende kind op die hart dra, behoort te vertrou dat die sportafrigting op skool altyd h vormende waarde sal hê.

Dit moet egter hier genoem word dat ten spyte van voortreflike bydraes in sommige gevalle, sportafrigting in Suid-Afrikaanse skole dikwels veel te wense oorlaat (p.367).

In Suid-Afrika bestaan ook nie geleenthede vir potensiële topsportlui om reeds op skoolvlak intensiewe gespesialiseerde sportafrigting op dieselfde grondslag as wat in die voorge-
noemde buitelandse sportlande die praktyk is, te ontvang
nie.

In teenstelling met die ondoeltreffende voorsiening van veral
gespesialiseerde sportafrigting aan die Suid-Afrikaanse skool=
gaande jeug, word die reeds genoemde geleenthede vir potensiële
kampioene in die buiteland aangebied. Hierdie geleenthede
getuig van 'n geprofessionaliseerde benadering in die beskik=
baarstelling van effektiewe deelname- en afrigtingsgeleenthede.
Die gebrek aan gespesialiseerde sportafrigting op skool, lei
daartoe dat belowende sportlui buite skoolverband, waar hulle
blootgestel kan word aan onopvoedkundige praktyke, afrigting
ontvang (p. 339).

Daar moet op gewys word dat vroeë sportspesialisasie waarby
intensiewe gespesialiseerde afrigting betrokke is, 'n onderwerp
is waaroor al dikwels deur belanghebbendes besin is. Die
begrip "vroeë" in hierdie konteks is relatief, aangesien
die gemiddelde leeftyd waarop topprestasie bereik word, wissel
van sportsoort tot sportsoort. In sportsoorte soos swem
en gimnastiek word die topprestasievlak byvoorbeeld op 'n
veel vroeër leeftyd bereik as in die meeste ander sportsoorte.

Omdat Olimpiese kampioene in hierdie sportsoorte soms nog
voor of aan die begin van die tienerjare voorkom, word in
Engeland soms reeds op die primêre skool met gespesialiseerde
afrigting begin (p. 169). Voordat topprestasie bereik kan
word moet die sportman vyf of ses jaar intensief oefen (Wein=

garten, 1982:40). Die Russe voorsien gespesialiseerde afrigting aan deelnemers (swemmers) van tien jaar en ouer (Van der Stoep, 1982:89). By die Franse sportinstituut wissel die ouderdom tussen 12 en 27 jaar (p.248) en by die Australiese sportinstituut tussen 12 en 28 jaar (p. 281).

Dikwels word egter gewys op die gevare van te vroeë sportspesialisasie deur onder andere medici soos Du Plessis (1982:13), en opvoedkundiges, byvoorbeeld Mulder (1982:27), Van der Stoep (1982:88) en Oschman (1982:1), psigoloë soos onder andere Olivier (1982:17) en sosioloë byvoorbeeld Williams (1982:63). Hierdie gevare word deur verskeie faktore teweeggebring soos 'n onvoltooide groeiproses, die oorbetrokkenheid van ouers, die ongebalanseerde klem wat op prestasie gelê word en vele ander. Botha (1981:4) beweer dat een van die groot nadele van sportspesialisasie op skoolvlak die verskynsel is dat slegs uitgesoekte leerlinge by sportafrigting betrek word, terwyl deelnamegeleenthede vir die massa bykans nie bestaan nie.

Ten einde in staat te kan wees om te beoordeel (te evalueer) of besondere deelname- en afrigtingsgeleenthede vir die skoolgaande jeug voorsien moet word, moet eers duidelikheid oor twee sake verkry word, naamlik:

- i) wat die verskil is tussen gewone afrigting en gespesialiseerde afrigting en
- ii) watter leerlinge behoort betrokke te wees by gespesialiseerde sportafrigting (dit is vroeë sportspesialisasie).

Volgens Van der Stoep (1982:88) is afrigting noodsaaklik om die bewegingsaanleg van 'n individu, hoe beperk ook al,

te ontgin. In hierdie verband onderskei hy tussen goeie sportafrigting en vroeë spesialisasie, aangesien beide die doelstellings en die praktyk verskil. Hy beweer verder (1982: 88) dat spesialisasie slegs ter sprake kom "by buitengewone sportbegaafdheid met die oog op topprestasies en -kompetisies. Afrigting is ter sprake vir alle deelnemers op grond van die oorhoofse doelstelling van sinvolle voortgesette deelname in die sin van die verwerwing van 'n aspek van 'n mens se leefstyl".

Weingarten (1982:52) stel dit ook dat slegs die kind met bogemiddelde vermoëns by sportspesialisasie betrek moet word. In ander gevalle sal dit lei tot frustrasie en 'n bykans onhanterbare situasie.

Hy stel dit verder dat begaafde sportlui van jongs af geregtig is op geleenthede om hulle talente ten volle te ontwikkel. Weingarten (1982:52) beweer verder dat dit nie bewys kan word dat vroeë sportspesialisasie noodwendig psigies of sosiaal nadelig kan wees nie. Hierdie stelling word deur Olivier (1982:17) bevestig.

Die saak wat van belang is met betrekking tot vroeë sportspesialisasie is naamlik op watter wyse die begaafde leerling gehelp, beskerm en gelei kan word gedurende die tydperke van intensiewe inoefening. Hulle moet gelei word om volwasseheid in die sfeer van mededingende sport te bereik sodat hulle hul moontlikhede kan verwesenslik (Weingarten, 1982:40).

Die voorafgaande bespreking bevestig die noodsaaklikheid van 'n geprofessionaliseerde benadering tot die voorsiening van sportafrigting aan alle leerlinge, maar veral vir belowende

sportlui - h terrein waarop Suid-Afrika nog ver te kort skiet.

Eerstens sal metodes om sportlui met bo-gemiddelde vermoëns te identifiseer in werking gestel moet word. Vergelyk die Duitse Demokratiese Republiek, (p.182), die USSR (p.210) en Australië (p. 280). Vervolgens sal geskikte afrigting vir massadeelname en gespesialiseerde afrigting uit die onderwyskorps en/of ander instansies beskikbaar gestel moet word.

Derdens sal geleenthede vir die toepassing van sportafrigting geskep moet word.

6.4.3.2 Ander sportdeelname en -afrigtingsgeleenthede

As gevolg van ooreenstemmende omstandighede ondervind Australië, Israel en Suid-Afrika soortgelyke probleme met betrekking tot die beskikbaarstelling van deelnamegeleenthede aan topsportlui.

Australië ondervind geografiese isolasie (p.268). Dit het tot gevolg dat gereelde internasionale kompetisies slegs teen hoë koste verwerklik kan word. As gevolg van die grootte van die land is selfs nasionale kompetisies baie duur en tydrowend (p.268).

As gevolg van politieke isolasie na die sesdaagse oorlog teen Egipte, is Israel geografies geïsoleer, en hulle moet teen groot koste lang afstande aflê om internasionaal te kan meeding (p.116)(Vergelyk die politieke en geografiese isolasie waarin Suid-Afrikaanse sport verkeer (p. 4).

In al die buitelandse sportlande wat in hierdie ondersoek betrek is, word besondere oefen- en afrigtingsgeleenthede aan topsportlui waar hulle blootgestel word aan intensiewe gespesialiseerde afrigting, beskikbaar gestel.

Hierdie tendens kom veral in die Oosbloklande voor waar talle wêreld-, Olimpiese en Europese kampioene voltyds aan sportklubs vir topsportlui verbonde is (p. 196). Insiggewend is die feit dat in die USSR en die DDR die sportklubs van die Magte veral voorsiening maak vir gespesialiseerde inoefeningsgeleenthede vir topsportlui (p. 196 en 214) onderskeidelik

In Israel, daarenteen lei die verpligte militêre dienstydyperk daartoe dat die belowendste topsportlui vir internasionale deelname verlore gaan (p. 125).

Alhoewel sport nie buite die weermag staan nie (p. 345) moet tog besef word dat topsportdeelname in Suid-Afrika nadelig deur 'n verpligte militêre dienspligtydyperk van twee jaar beïnvloed word.

In Israel (p. 123) word gespesialiseerde sportafrigting in bepaalde sportsoorte by die nasionale instituut te Wingate aangebied. Die sportinstitute in Frankryk en Australië (p. 280) asook die Switserse sportskool te Magglingen (p. 267) bied ook deelnamegeleenthede vir topsportlui wat reeds hulle skoolopleiding voltooi het.

Benewens 'n verskeidenheid sportsoorte wat by die nasionale sportskole of -institute aangebied word, bestaan daar ook sportskole vir individuele sportsoorte, byvoorbeeld in Oosten-

ryk (p.267), Switserland (p.267), Engeland (p.171) en die Bondsrepubliek van Duitsland (p. 239).

Verder word nasionale en ander oefengroepe gereeld saamgestel om vir wisselende tydperke in oefenkampe saam te trek. Vergelyk die Amerikaanse ski-oefengroep (p.156), Kanadese dameshokkiespan (p.141) en die Nederlandse nasionale sportspanne (p.252). Dikwels vind hierdie oefenkampe by nasionale sportsentra plaas. Gespesialiseerde sportafrigting word ook op tersiêre onderwysvlak aan studente beskikbaar gestel. Vergelyk die VSA (p.155) en die USSR (p. 196).

In verskeie lande word klubkampioenskappe gereeld op nasionale en internasionale vlak gehou, byvoorbeeld in Wes-Duitsland (p.238) en Nederland (p.252). Klubsport is in verskeie lande baie belangrik en in talle gevalle is semi- en professionele afrigters beskikbaar.

In verskeie Europese lande word nasionale en internasionale sportdeelname gereeld vir deelnemers van verskillende ouderdomsgroepe beskikbaar gestel (p. 238).

Verskeie lande maak gebruik van 'n sportklassifikasieskema waartydens sportlui volgens hulle vermoëns in verskillende kategorieë geplaas word. Vergelyk die drie jeuggrade en ses grade vir volwassenes in Rusland (p.211) en die drie kaders in die Bondsrepubliek van Duitsland (p.239). Hierdie grade-ringstelsel dien as aansporing vir die sportlui om beter te presteer en dit gee ook aanduiding van die afrigtingsgeleenthede en kompetisies wat beskikbaar gestel moet word.

Die deelname- en/of afrigtingsgeleentheid is nie altyd vir alle deelnemer op massavlak beskikbaar nie (Rusland p.216), maar uit die voorafgaande kan duidelik afgelei word dat deelname- en afrigtingsgeleentheid nie aan die toeval oorgelaat word nie, maar in die meeste gevalle sistematies beplan en beskikbaar gestel word.

Soos in die geval van skoolsport bestaan daar nie in Suid-Afrika enige nasionale instelling waar gespesialiseerde afrigting aangebied word nie.

Nasionale oefenkampe vir die topsportlui van verskeie sportsoorte vind egter periodiek op verskeie plekke plaas. Verder word die klubafrigting in sommige gevalle deur gekwalifiseerde en in ander gevalle deur ongekwalifiseerde afrigters aangebied.

Die omvang van die voorsiening van sportafrigting is egter met betrekking tot die aard en omvang daarvan, ontoereikend. In elk geval word die beste dienste in die RSA hoofsaaklik aan Blankes beskikbaar gestel (p. 346). Die gefragmenteerde beheer en verantwoordelikheid met betrekking tot die voorsiening van sportafrigting lei tot ongelyke en onvoldoende voorsiening. Botha (1981:104) het aanbeveel dat vir aktiewe deelnemers (prestasiesport) by die sportinstitute van universiteite voorsiening gemaak moet word.

Die uiteenlopende kultuuragtergrond van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika kan van die aanleidende faktore tot die genoemde ongelyke voorsiening in sportafrigting wees. Die kultuurverskille mag wel uiteenlopende behoeftes tot gevolg hê met die gevolg dat die voorsiening van sportafrigting

tot dusver vir sommige dele van die bevolking belangriker en noodsaakliker as vir andere was.

In die lig van die voorgenoemde sal besef word dat 'n geprofesionaliseerde benadering in die voorsiening van deelname- en afrigtingsgeleenthede 'n dringende noodsaaklikheid is.

Dit is des te meer in Suid-Afrika 'n noodsaaklikheid, aangesien die gebrek aan gereelde internasionale sportdeelname 'n nadelige invloed op die gesindheid van topsportlui kan hê. Aangesien kompetisie op nasionale en internasionale vlak met topsportbeoefening vereenselwig word, is dit essensieel dat die sportbeheerliggame en alle belanghebbende instansies voortdurend pogings sal maak om geskikte internasionale kompetisiegeleenthede te reël, terwyl geskikte afrigtingsgeleenthede en wyse van aansporing tot volgehoue topprestasie daargestel moet word.

6.4.4 Die status van die sportafrigter

In al die lande wat tydens die ondersoek nagevors is, lewer onbesoldigde, vrywillige afrigters onontbeerlike bydraes tot die afrigtingspraktyk. Hierdie vrywillige afrigterskorps vorm in verhouding met die semi-professionele en professionele afrigters die grootste groep wat diens aan sport lewer en volgens verskeie menings sal hulle ook in die toekoms steeds 'n beduidende bydrae lewer (p.283 en 373).

6.4.4.1 Beroepsmoontlikhede

Tydens hierdie ondersoek is vasgestel dat daar wel beroepsmoontlikhede op deeltydse en voltydse vlak in die buitelandse

sportafrigtingspraktyk bestaan (p. 216 en 233). Hierdie bevinding geld vir amateur- en beroepsport (p. 233). Die verskillende getalle van die afrigters wat in die verskillende lande met sportafrigting besig is, kan nie sinvol met mekaar vergelyk word nie, aangesien die bevolkingsgetalle van die verskillende lande aansienlik verskil. Ten tye van die ondersoek was die bevolking van die VSA ongeveer 264 miljoen, die van die USSR ongeveer 260 miljoen, die van die Bondsrepubliek van Duitsland ongeveer 68 miljoen, die van die DDR ongeveer 17,5 miljoen en die van Switserland ongeveer 6 miljoen. Die aantal deelnemers aan sport in die verskillende buitelandse sportlande was ook nie ter sprake nie, sodat die verhouding tussen die bevolkingsgetalle, sportdeelnemers op die verskillende vlakke en die verskillende kategorieë afrigters in die verskillende lande, ook nie sinvol met mekaar vergelyk kan word nie.

'n Tendens wat wel onderskei kan word is dat in die Oosblok=lande en in verskeie Westerse lande 'n aansienlike aantal afrigters in sportafrigting werksaam is.

In die DDR studeer 300 gegradueerdes jaarliks aan die DHFK* af (p. 197). Sedert met die voltydse opleiding van sportafrigters begin is, het reeds 7 000 afrigters gekwalifiseer as professionele afrigters (p. 190). Aangesien afrigters in 10 000 skole en 8 000 werker-sportklubs benodig word, is daar voldoende werksmoontlikhede vir almal (p. 197). Sportaf=rigting is gelykstaande aan enige ander beroep en is 'n baie gesogte beroep.

*DHFK Deutsche Hochschule für Körperkultur.

- In die USSR is vier miljoen vrywillige afrigters werksaam (p. 218). Sewe en sestig persent van diegene wat in sportaf-rigting diens lewer, doen dit op deelydse basis, terwyl 33% voltyds betrokke is. Sportafrigters word beter besoldig as liggaamsopvoedingsonderwysers, terwyl sportaf-rigting ook in status gelykgestel word met ander beroepe (p.218). Afrigters word deur middel van bonusse en eretitels aangemoedig om sukses in hulle afrigting te behaal.
- In die Bondsrepubliek van Duitsland was daar in 1978
 - i) 377 810 onbetaalde oefen- en jeugleiers werksaam,
 - ii) 51 916 deelydse oefenleiers en afrigters en
 - iii) 5 316 voltydse sportinstrukteurs en afrigters (p.238).

Vanaf 1970 tot 1978 was daar 'n vermeerdering in eersgenoemde twee gevalle, terwyl daar in dieselfde tydperk 'n vermindering in die laasgenoemde geval was (p. 239). Dit bevestig die bevinding van Botha (1981:8) dat sportafrigters in sekere lande in toenemende mate eerder op deelydse- as voltydse vlak met afrigting besig is.

- In Nederland was gedurende 1982 ongeveer 350 000 vrywillige afrigters (p. 253). by sport betrokke.

Oor die algemeen lewer die afrigters op 'n voltydse- of deelydse basis by onder andere sportsentra, sportklubs, oefenkampe, nasionale oefengroepe, sportskole en tersiêre onderwysinrigtings diens. Dikwels word afrigters as nasio-nale afrigters of direkteure vir besondere streke aangestel. Die beskikbaarheid van afrigtingsposte is ten nouste gekop-pel aan die aard en gewildheid van die sportsoort self.

- As gevolg van die wye omvang in die beoefening van sport aan onderwysinstellings in die VSA, asook die intensiewe betrokkenheid van sekere sportsoorte by professionele sport, is daar voldoende geleentheid vir sportafrigters in die VSA. Aan onderwysinstellings bestaan 'n hiërargiese struktuur waarvolgens sportafrigters bevorder kan word (p. 159).
- In Kanada word tans probleme ondervind omdat daar nie genoeg voltydse poste vir gekwalifiseerde afrigters bestaan nie (p. 142).

Alhoewel daar nog nie oral voldoende poste vir voltydse afrigters bestaan nie, dui die bewuste skeiding tussen 'n beroep as sportpedagoog en as sportafrigter op professionalisering.

- In Suid-Afrika is ook voltydse-, deeltydse en 'n groot aantal vrywillige sportafrigters betrokke by afrigting.

Die behoeftes aan opgeleide afrigters kom egter in alle sektore voor. Met betrekking tot die Swart- en Kleurlingbevolkingsgroepe neem die ondervoorsiening van geskikte opgeleide sportmannekrag bykans krisisafmetings aan (p. 369). Bykans alle instansies wat verantwoordelikheid vir sportvoorsiening aanvaar, het 'n tekort aan opgeleide sportkundiges, waaronder ook sportafrigters (p. 370).

Die omvang van die behoeftes wissel van instansie tot instansie en sportsoort tot sportsoort, asook van bevolkingsgroep tot bevolkingsgroep (p. 370).

Sportafrigters kan op voltydse of deeltydse basis by skole, tersiêre onderwysinstellings, nasionale en provinsiale sportliggame en -klubs, myne en groot nywerhede en by die weermag

werkzaam wees (p.369). Veral by skole bestaan 'n groot behoefte aan voltydse afrigters (p.370). Dit is noodsaaklik dat daar onderskeid gemaak moet word tussen die beroepe sportpedagoog, die liggaamlike opvoedkundige wat sport aanbied en sportafrigter, indien 'n geprofessionaliseerde benadering tot sportafrigting gerealiseer wil word. By nasionale sportbeheerliggame bestaan oor die algemeen redelike beroepsmoontlikhede (p.370). In enkele gevalle is die beroepsmoontlikhede baie goed en in ander weer baie swak of glad nie eers ter sprake nie.

In verskeie sportsoorte bestaan die moontlikheid om voltydse of deelydse as professionele afrigters af te rig, byvoorbeeld tennis en swem (p.372). Dit blyk egter dat daar 'n anomalie bestaan met betrekking tot die leemtes en die feit dat die moontlikhede om aan die behoeftes te voldoen, nie in die praktyk realiseerbaar is nie (p.372). Dit dui daarop dat alhoewel daar moontlikhede bestaan om afrigting as 'n voltydse beroep te beoefen, die aangewese weg in die rigting van oorwegend deelydse betrokkenheid by sportafrigting, is.

6.4.4.2 Beroepsekuriteit

In al die lande wat ondersoek is, word die bekwaamheid van die afrigter gemeet aan die suksesse wat deur die sportlui wat hy afrig, behaal word. Die sekuriteit in die aanstelling as afrigter is ten nouste gekoppel aan prestasie.

- In Frankryk bied die staatsbeheerde sportsisteen 'n mate van sosiale sekuriteit aan die sportafrigter (p.247). Ongekwalfiseerde afrigters word deur 'n wetlike bepaling verhinder om teen betaling af te rig (p. 243).

- In die Bondsrepubliek van Duitsland word die ongeveer 200 afrigters (Schilling, 1982) wat in diens van die Duitse Sportbond sportafrigting in bepaalde sportsoorte waarneem, kontraktueel verbind om hulle verpligtinge na te kom (p.240). Twee moontlike kontrakte is beskikbaar, naamlik

- i) die een waar afrigting by jeuggroepe plaasvind en prestasie nie so hoog aangeslaan word nie en
- ii) die een waar die afrigter hom tot die lewering van prestasie verbind.

Indien hy dié sukses behaal, word 'n verhoging in salaris na twee jaar oorweeg en/of die kontrak word na die aanvanklike verstrykingstydperk van vier jaar, verleng (p. 242). Eersgenoemde kontrak bied meer sekerheid in die aanstelling, terwyl laasgenoemde moontlikheid weer 'n groter besoldiging inhou.

- In Oostenryk bestaan geen wetlike bepaling om sportafrigters en hulle beroep te beskerm nie. Tog beskerm die sosiale stelsel die sportafrigter en indien die werk wat hy lewer van hoë standaard is, verdien hy 'n goeie salaris (p.259).
- In Suid-Afrika bestaan ook geen wetlike bepaling om beskerming aan die afrigtingspraktyk te verleen nie. Die afrigter bevind homself in 'n onbenydenswaardige posisie, aangesien daar geen algemeen geldende norme is waarvolgens hy hom binne die terrein waar hy 'n bydrae lewer, geborge kan voel nie. Verder is daar bykans ook geen kontrole oor die afrigting wat gelewer word nie en is dit moontlik dat sportlui aan onkundige praktyke blootgestel kan word (p. 365).

Die tennisafrigters wat voltyds en deelyds by tennisafrigting betrokke is, is oorwegend nie by topprestasiedeelname nie, maar wel by die aanleer van vaardighede op verskillende vlakke, werksaam. Dit bring mee dat sekuriteit en prestasie nie noodwendig verband hou nie. Soos in die geval van Oostenryk bied die goeie standaard van werk sosiale sekuriteit aan die afrigter.

Tennis toon verder duidelike tekens van professionalisering in die wyse waarop sekere norme en standaarde met onder andere die etiese kode neergelê is (p. 322).

Betreffende beroepsekuriteit in sportsoorte oor die algemeen, blyk dit dat 57,3% van die sportsoorte geen of weinig sekuriteit bied, 23,8% bied gemiddelde sekuriteit terwyl in slêgs 19% dit goed tot baie goed is (p.371).

Een van die kwaliteite van professionalisering is beskerming aan die individu en stelsel, en gevolglik is dit noodsaaklik dat sekere norme en standaarde in die verband daargestel sal moet word.

6.4.4.3 Besoldiging

Wat die vergoeding van afrigters betref, vergelyk die besoldiging van deelydse en voltydse afrigters in die meeste gevalle gunstig met ander vergelykbare beroepe.

- Afrigters wat in diens is van die Duitse Sportbond, word onder andere volgens kwalifikasies, suksesse en ervaring, volgens sewe verskillende skale vergoed. Die maandelikse vergoeding wissel van + R1 350,00 op die eerste skaal tot

+ R2 850,00 op die sewende vlak. Hierdie afrigters word verder ook afsonderlik vergoed vir suksesse wat die sportlui wat hulle afrig, in verskillende kategorieë internasionale kompetisies behaal (p.241).

- In die VSA word onderwysers wat met naskoolse sportafrigting help daarvoor vergoed (p. 157).
- In Israel is 'n gekwalifiseerde afrigter geregtig om teen betaling af te rig. Riglyne in verband met die aard van vergoeding is deur die Wingate-instituut neergelê en na gelang van omstandighede van vraag en aanbod kan die afrigter meer of minder vir sy dienste ontvang (p.125). Indien die afrigtingsgelde te hoog word, versoek die nasionale sportbeheerliggame die Instituut om in die besondere sportsoort meer afrigters te voorsien.
- In Suid-Afrika word slegs 10% van diegene wat vir die nasionale sportbeheerliggaam dienste lewer, besoldig (6% op deeltydse en 4% op voltydse basis)(p.373). Betreffende die omvang van die vergoeding blyk dit dat vir voltydse en deeltydse afrigting dit goed tot baie goed is, terwyl die besoldiging vir periodieke afrigting en honoraria oorweldigend gemiddeld is (gemeet aan 'n vyfpuntskaal)(p.374).

Die verdienste van voltydse afrigters vergelyk goed met beroepe van soortgelyke omvang (p. 374).

Afrigters wat aan tersiêre onderwysinstellings werksaam is, ontvang vergoeding volgens die algemene skale van hulle inrigting (p.374) terwyl onderwyspersoneel slegs by hoë uitsondering vir hulle dienste aan skoolsport vergoed word (p. 375). In geen beroep gebeur dit in dieselfde mate as die onderwys dat werknemers "vrywillig verplig" word om dienste te lewer

sonder dat hulle daarvoor vergoed word nie. Sodra minimum vereistes vir sportafrigters neergelê is, sal ooreenkomstige vergoeding voorsien moet word (p.376).

Hier moet egter op gewys word dat besoldiging nie al manier is om diegene wat dienste aan sport lewer te vergoed nie. Intrinsieke motivering is dikwels 'n belangrike rede tot dienslewering aan sport. Omdat besoldiging egter die beskikbaarstelling van geld beteken en dit in verskeie menslike behoeftes voorsien (p. 63), is dit noodsaaklik dat 'n goed gefundeerde sisteem van besoldiging vir dienste aan sport gelewer, daargestel moet word.

6.4.5 Die finansiering van sportafrigting

Subsidiering van sportafrigting van staatsweë kom in al die buitelandse sportlande wat by die ondersoek betrek is voor, behalwe in die geval van die VSA.

In sommige gevalle subsidieer die regering die opleiding van afrigters ten volle (p. 218 en 248), terwyl dit in ander gevalle gedeeltelik gesubsidieer word (p. 126). In die meeste gevalle steun die regerings ook die sportbeheerliggame met betrekking tot die aanstelling en besoldiging van nasionale afrigters en/of direkteure vir afrigting (p. 283).

In sommige van die gevalle waar deelnemers vir opleiding of afrigting moet betaal, is beurse beskikbaar (p. 138 en 281).

- In Kanada word geld ook aan die sportbeheerliggame beskikbaar gestel vir die samestelling van handleidings vir die afrigtingsopleiding (p. 134).

- Ten einde koste te bespaar word kursusse in Israel hoofsaaklik oor naweke en tydens vakansies aangebied, sodat verloffoordele en afwesigheid van werk, nie ekstra finansiële implikasies meebring nie (p. 126).

In Suid-Afrika word besondere tekortkominge met betrekking tot die finansiering van sport ondervind. Die kern van die probleem is geleë in die feit dat fondse vir bepaalde prioriteitsdoeleindes nie geredelik beskikbaar is nie (p.377). Verder is sportliggame ook afhanklik van die bydraes van geaffilieerde lede en dit ontnem die liggame effektiewe beheer oor hulle lede (p. 377).

Die ideale toestand sal wees dat fondse uit 'n sentrale rekening vir sportvoorsiening beskikbaar gestel word, sodat doeltreffende steun rakende lopende koste, afrigting en andere verleen kan word (p. 378).

Dit is dringend noodsaaklik dat sportbeampies, waaronder ook sportafrigters, finansiëel gesteun moet word met betrekking tot lopende uitgawes wat met hulle dienslewering verband hou (p. 378).

Sportlui bestee relatief min geld aan opleiding as sodanig. Die meeste koste word vir afrigting self aangegaan (p. 378).

Die Departement Nasionale Opvoeding (Direktoraat Sportbevoordering), stel in bepaalde goed gemotiveerde gevalle geld aan nasionale en provinsiale sportliggame vir opleiding en afrigting beskikbaar (p. 379).

Die Regering verleen ook in 'n mate hulp met die besoldiging van nasionale afrigters (p.379) terwyl privaatinstansies afrigting ook finansieel steun.

In die meeste gevalle moet belanghebbendes die afrigters en afrigting uit eie bronne finansier..

6.4.6 Die beskikbaarstelling van inligting aan die sportafrigter

Sportinligting kan in populêre, tegniese en navorsingspublikasies aan die sportafrigter beskikbaar gestel word (p.385). As voorbeeld van 'n tegniese tydskrif kan "Coaching Review" van die Kanadese afrigtersvereniging genoem word (p.130). Navorsingstydskrifte in onder andere Kanada (p.130) die VSA* en Wes-Duitsland** stel die nuutste navorsingsresultate aan sportafrigters beskikbaar.

In Suid-Afrika dra verskeie instansies tot die voorsiening van navorsingsinligting by. Waardevolle inligting word deurgegee, maar dit bereik nie in die algemeen die sportafrigter wat in die praktyk staan nie. Die voorsiening van sportafrigting aan die heterogene Suid-Afrikaanse bevolking was tot dusver glad nie doeltreffend nie en groot dele van hierdie bevolking moet noodsaaklike leiding en dienste in hierdie verband ontbeer.

In Suid-Afrika bestaan 'n definitiewe behoefte aan 'n sentrale voorsieningstruktuur sodat relevante inligting in verwerkte

* "Research Quaterly" (VSA)

** "Leistungsport", uitgegee deur die Duitse Sportbond, Frankfurt, Wes-Duitsland

vorm aan sportafrigters beskikbaar gestel kan word. Dit sal meehelp om die teorie en praktyk bymekaar uit te bring.

Sewe en tagtig persent van die tersiêre onderwysinrigtings wat in die onderhawige ondersoek betrek is, sal 'n afrigtingstyd skrif wat op hulle behoeftes gerig is, verwelkom (p.381).

Die beskikbaarstel van inligting kan as deurlopende opleiding van die sportafriester beskou word. Dit is essensieel as professionalisering in die afrigtingspraktyk nagestreef word. Die Nederlandse Sportalmanak (p.252) bied waardevolle inligting oor die vereistes van die verskillende sportsoorte rakende die opleiding van afrigters.

6.4.7 Faktore wat die voorsiening van sportafriester in die toekoms kan beïnvloed

In toekomsbeplanning moet tendense wat deelnamepatrone kan beïnvloed, voortdurend in gedagte gehou word. As gevolg van onder andere die heterogene aard van die Suid-Afrikaanse bevolking (p.381) die uiterste klimaatstoestande, die grootte van die land en sekere demografiese veranderlikes, is deeglike beplanning nodig ten einde 'n sinvolle afrigtingspraktyk daar te stel.

Faktore wat hier ter sprake kom, is die toekomstige bevolkingsaestelling en -groei, asook die bevolkingsherverspreiding (p. 382 tot 388).

In die professionalisering van sportafriester in Suid-Afrika sal die heterogene sportgemeenskap dus onder andere voortdurend

in gedagte gehou moet word. Met verloop van die geskiedenis het die blanke sportlui in groter mate as die Kleurlinge, Indiërs en Swartes 'n besondere sportmilieu opgebou en behalwe in die geval van sokker, waar daar meer swartdeelnemers as anderkleuriges is, is daar meer blanke deelnemers in die ander sportsoorte as al die ander rassegroepe.

6.5 SAMEVATTING

Samevattend kan die volgende sake uitgelig word:

- Sportwetenskaplike navorsing word in mindere of meerdere mate deur verskeie buitelandse sportlande onderneem. Sportfisiologiese navorsing word oorwegend die meeste onderneem. Sportnavorsing word ook in Suid-Afrika onderneem, maar toon veral op bepaalde terreine gebreke.
- In die lande wat by die ondersoek betrek is, word sportafstigting deur 'n sentrale liggaam beheer en gekoördineer, terwyl die sportbeheerliggame besondere bydraes lewer. Suid-Afrika beskik egter nie oor 'n soortgelyke oorkoepelende afstigtingsliggaam nie.
- In verskeie lande is die opleiding van sportafrigters tot 'n groot mate georden en tot 'n hoë vlak ontwikkel. Formele- en nie-formele opleiding word aangebied. Opleiding vind op voltydse en deelydse grondslag plaas. In Suid-Afrika vind wel formele- en nie-formele opleiding plaas, maar dit is egter nie na wense nie.
- Besondere oefen- en afrigtingsgeleenthede word op skool en na-skoolse vlak aan buitelandse sportlui gebied. In Suid-Afrika bestaan bykans geen geleentheid vir intensiewe oefening of afrigting nie.

- Die beroepsmoontlikhede en beroepsekuriteit van oorsese sportafrigters is beter as dié van Suid-Afrikaanse sportafrigters. Verder is daar ook aansienlike getalle sportafrigters in verskeie lande werksaam. In Suid-Afrika bestaan 'n tekort aan opgeleide sportafrigters.
- Die finansiering van sportafrigting word tot 'n groot mate vanaf staatsweë onderneem, alhoewel voldoende finansies nie in alle gevalle beskikbaar is nie.
- Sportinligting word op verskeie maniere aan sportafrigters deurgegee, maar is nie in alle gevalle effektief nie.
- Demografiese veranderlikes in Suid-Afrika en die heterogeniteit van die Suid-Afrikaanse bevolking bied besondere probleme wat tot dusver nie voldoende aandag geniet het nie.